WERKGROEP KERKVERBAND AANGELEENDHEDE / KERKRAAD

NUUSBRIEF NO 1: 13 MEI 2018

IMPLIKASIES VAN DIE JANUARIE 2018 SINODE BESLUITE VIR WAPADRANT

Wapadrant Gemeente is, met leiding van die kerkraad oor tyd, goed ingelig oor ons *Skrifbegronde* oortuiging *dat geslag nie bepalend is* vir wie in kerklike ampte mag dien nie. Daarom dien ook vroue by ons al 'n geruime tyd in die amp van diaken sowel as ouderling. Oor die kerkordelike pad wat ons gestap het om die breë kerkverband (soos in sinode afvaardiging), te oortuig van die *Skrifgeldigheid* daarvan, is die gemeente ook nie onkundig nie.

Die uitkoms van Sinode 2018 is wyd bekend. Ook dat dit vir ons anders geval het as waarvoor ons gehoop het. Ons bly egter by ons oortuiging. Daarom het die kerkraad op Sondag 18 Februarie vanjaar, 'n uitgebreide verslag daaroor in die GPS aan die gemeente beskikbaar gestel. Vind dit, ter geheue verfrissing op die kerk se webwerf by:

http://www.wapadrant.co.za/kerkraad-verklarings

Die uitkoms van die Sinode, beteken egter nie dat ons die einde van die pad binne die kerkverband bereik het nie en ook nie dat ons sonder planne is nie. Dis weliswaar nie duidelik welke impak die sinode besluit op gemeentes soos Wapadrant gaan hê nie. Om dit te bestuur, volg ons kerkraad 'n pro-aktiewe benadering. Ons is steeds deel van die GKSA kerkverband en soek in liefde na oplossings waarby die hele kerkverband kan baat. Daarin is dit ons plig om die eer van God te handhaaf, terwyl ons sensitief is vir wat ookal die eenheid van die kerkverband in gedrang kan bring.

In die verband, lig ons u graag in oor drie inisiatiewe wat nou loop:

1. **Die gemeente word op gepaste maniere ingelig gehou**.

   Op die manier hou die kerkraad ons op die hoogte van prosesse wat gevolg word en vordering wat gemaak word, in ons gesprek met die kerkverband. Die bedoeling daarmee is dat dit ons in staat stel om in ons onderlinge gesprekke, *ingeligte uitsprake en afleidings te kan maak en sinvolle vrae te kan vra.*

   Ontvang dan hiermee Spesiale Nuusbrief no 1.

   Dit sal periodiek, soos nodig uitgereik word. Die kerkraad beplan ook om op die gepaste tyd met die gemeente in gesprek te tree om te sorg dat kerkraad én gemeente op dieselfde bladsy bly.

2. **Die kerkverband word oor ons posisie ingelig**

   Dit is van kritiese belang dat ons kerkverband kennis sal dra van ons reaksie op die negatiewe besluit van Sinode 2018 aangande vroulike ampsdraers in die kerk.

Daarom het ons reeds ons Klassis (Oostelike Pretoria), asook die breë kerkverband ingelig dat ons, volgens ons oortuiging voortgaan om mans sowel as vroue in kerklike ampte te beroep.

3. **Samesprekings met individuele Gereformeerde gemeentes**

Benewens inligting aan die breë kerkverband, tree ons verder op tweërlei wyse in gesprek met individuele kerke:

3.1 In Klassisverband (by name Klassis Oostelike Pretoria waartoe ons behoort)

Die kerkraad het die Klassis versoek om tydens die vergadering op 23 April vanjaar `n werkgroep (deputate) aan te wys met wie ons in gesprek kan tree om die sake wat ons onderlinge verhoudinge bevorder/versteur, te kan deurpraat

Met dankbaarheid kan ons reeds rapporteer dat die Klassis ons versoek eenparig aanvaar het. In ons Klassis ervaar ons 'n gees van welwillendheid teenoor ons gemeente, met meer kerkrade wat ons saak en standpunt steun as wat daarteen is. Ons vertrou dat ons deur die beoogde gesprekke nog 'n mooi pad met mekaar kan loop. `n Belangrike mededeling wat ons wil maak is dat ons `n gewetensbesluit geneem het, naamlik dat ons slegs deel kan wees van afvaardigings na Klassis vergaderings, as ons ook vroue ouderlinge daarby mag insluit.

3.2 **Buite Klassisverband**

Ons is reeds besig om aktiewe samewerking te soek met individuele Gereformeerde gemeentes, wat ons oortuiging oor vroue in kerklike ampte deel. Die doel is om van mekaar te leer en mekaar te ondersteun. Op 24 Maart vanjaar was daar`n Gespreksforum by die Gereformeerde Kerk Noordrand. Elf gemeentes was verteenwoordig. Ons weet wel van meer gemeentes wat dit ook oorweeg om vroue in al die ampte te beroep.

Dit was duidelik dat die verskillende gemeentes wat daar was, op verskillende stadia van implementering verkeer. `n Werkgroep is aangewys om gemeenskaplike sake verder te hanteer. Ons beplan opvolg vergaderings sowel as voortsetting van die Geselsbrief, waarvan reeds sewe uitgawes verskyn het en wyer as ons gemeente versprei word.

Dit is nodig dat ons in alles die wil van die Here sal soek en hiervoor moet ons as gemeente opreg bid.

Ons vertrou dat hierdie Nuusbrief daartoe sal bydra om enige onsekerhede oor die pad wat ons in die kerkverband stap, op te klaar

Mooi loop in Christus

Vir navrae skakel met Theuns Erasmus: Sameroeper- Werkgroep Kerkverband Aangeleendhede by terasmus@telkomsa.net